Heilbron
# Herald

*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*

WEEK 10 Deel 110
VRYDAG - 15 MAART 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Heilbronners staan nie terug vir Argus



*Op die foto agter vl: Rocco Steenenberg, Juanita Steenkamp, Colett Els, Albert Els, Morné Victor, Neels Claasen, Arno Els en Abel Pretorius. Voor vl: Carine Germishuys, Ernst Zitzke en Jozann Germishuys.* *Lees meer op bladsy 8.*

## Wees gewaarsku

Lede van die gemeenskap waarsku die publiek - om seker te maak dat waardevolle besittings nie sigbaar is wanneer jy in die dorp stilhou nie. Daar was al voorvalle in die dorp waar beursies en kontant uit geparkeerde voertuie gesteel is. Wees ook op die uitkyk vir verdagte persone wanneer jy jou voertuig parkeer. Probeer om op besige plekke stil te hou wat dit vir diewe moeilik maak om toe te slaan.

Heilbron Polisie vra die gemeenskap om op die uitkyk te wees vir verdagtes, omdat huisinbrake en inbrake by besighede drasties toe neem. 'n Mini-bussie van Hoërskool Heilbron en 'n bakkie van Massey is onlangs gesteel. Die bussie is steeds op soek, maar die bakkie is teruggevind in Oranjeville nadat dit gerol het.

## Vyandsvlei verdagtes gearresteer

Verlede Sondag het vier gewapende rowers op Vyandsvlei-winkel tussen Heilbron en Sasolburg toegeslaan. Daartydens is die eienaar en een van die rowers noodlottig gewond nadat 'n skiettery losgebars het. Die ander drie rowers het gevlug in 'n wit Volkswagen Polo. Die eienaar Muhammed Foroze (31) en een van die rowers (54) is op die toneel dood verklaar. Die rooftog het vermoedelik skeefgeloop kort voordat die skote afgevuur was. Geen eiendom word vermis nie. Verlede Vrydagoggend is daar 'n deurbraak gemaak deur SAPD op Heilbron toe al drie verdagtes gearresteer is. Na nadere ondersoeke kon daar bevestig word waar die verdagtes hulself bevind. Die verdagtes is by verskeie huise in Finetown en Grasmere opgespoor en gearresteer. Die polisie het beslag gelê op twee vuurwapens wat in die verdagtes se besit gevind is, selfone waarvan een die voormalige eienaar s'n was en so ook die wit Volkswagen Polo waarmee hulle gery het. Hulle ouderdomme is onderskeidelik 32, 39 en 59. Die drie verhoorafwagtendes is tans nog in Heilbron in aanhouding. Hulle sal op 20 Maart in die Heilbron Streekshof verskyn vir borgaansoeke.




## Oud skolier vermoor


Sondagoggend ongeveer 02:00 is Herman Scholtz, oud skolier van Heilbron in sy huis in Centurion vermoor. Herman was in 1977 in matriek te Hoërskool Willem Pretorius.

Sy pa, Johan Scholtz was 'n alom bekende onderwyser wat tik en voorligting as vakke gegee het. Scholtz (59) is deur sy tuinwerker wat al 26 jaar vir hom gewerk het, met onder meer 'n broodmes en ander messe gesteek. Hy is met drie steekwonde in sy bors gevind. Die bure het gaan ondersoek instel nadat hulle 'n geraas by sy huis gehoor het, maar kon nie toegang deur die veiligheidshek verkry nie. Hulp is ontbied en die veiligheidsmaatskappy het vinnig op die toneel verskyn. Hulle het die aanvaller in die huis gevang terwyl hy steeds besig was om Scholtz aan te val.



**FRANKFORT VEILING**

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**
**Elke Donderdag**
**te Royal Auction Centre**



**Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:**
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

**BKB Louwid Noord:**
**"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"**

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

BKB LOUWID

TATA HEILBRON

**VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!**
**NOU OOP VIR BESIGHEID!**

TATA HEILBRON

# Mej Dwergie SA kuier by Ontbytsake





*Mej Dwergie SA 2017, Bernadine Coetzer, oud-Heilbronner en -leerder van Hoërskool Heilbron, het oor die naweek gestraal op die TV. Bernadine was op die bekende TV kanaal, KykNet te sien gewees tydens 'n onderhoud met Ontbytsake. Hulle beskryf haar as 'n dinamiet in 'n klein pakkie. Sy woon tans in Heidelberg waar sy kuns gee by die Pienkie Ponkie skool. Bernadine laat niks haar onderkry nie en pak elke dag voluit aan.*
*Foto links: Bernadine Coetzer. Foto erkenning: Dawie Fourie Fotografie*
*Foto regs: Bernadine Coetzer en Dawie Roodt van Ontbytsake. Foto erkenning: Facebook*



*Op die foto agter vl: Bennie Coetzer, Dawie Roodt, Leon Gropp en Ina Coetzer. Voor vl: Renette Vosloo, Bernadine Coetzer en Eloise Cupido. Foto erkenning: Facebook*

# Huis- en Tuinbouklub

Die Huis- en Tuinbouklub het Woensdag by Fraaihuis Kwekery vergader. Welma Jurgens van Protek het al die pad van Brits af gekom om in die dag te kom deel. Jurgens het die dames met die groenvingers meer kom vertel en ingelig oor Clivias.

Daar is bespreek hoe om hulle te hanteer, hoe om hulle te plant, hoe om hulle sade te oes en watter voeding hulle benodig.

Die plae en peste wat die plant kan beïnvloed is ook bespreek. Clivias is plante wat in skaduwees groei, volskadu is dus die ideale plek vir hulle.

Clivias kan in blompotte uitgeplant word en kan ook dien as binnenshuise plante. Goeie potgrond moet gebruik word en baie kompos is ideaal. Dit help ook om die grond lekker vogtig te hou. Indien Clivias in potte geplant word moet die potte goeie dreinering hê!

Clivias kan verplant word in Oktober en November maande. Indien die plant se sade geoes moet word, los die blomme aan die Clivias tot in Maart wanneer dit ryp genoeg is om te oes. Die sade sal rooi verkleur en sommer amper wil afval. Hierdie tyd van die jaar is ideaal om die Clivias te voed. Enige voeding wat ryk is aan kalium word voorgestel.

Augustusmaand kan die volgende toediening plaasvind. Volg die duidelike instruksies agter op die voedingsverpakking voor toediening. Clivias moet in wintermaande slegs een keer 'n maand met ligte sproei op hul blare water kry. In die somer kan hulle diepwater kry, ongeveer elke tweede week.



*Op die foto bo van die Tuinboulede wat aandag sit en luister.*



*Op die foto voor: Ria Viljoen. Agter; Wilna de Bruin, Ina Lombaard, Elbie Els, Rinette Naude en Welma Jurgens.*

# Dienssentrum sluit af met 'n fliekdag



*Heilbron Dienssentrum se lede sit reeds vasgenael voor die groot skerm, die projektor gereed sodat hulle 'n fliek kan kyk. Op hierdie noot sluit die Dienssentrum af met 'n fliekdag net voor 'n lekker vakansie wat in die vooruitsig is. Met 'n pakkie "bioskoop-kos" in die hand, is almal reg vir die fliek om te begin. Die Dienssentrum sluit dus môre en heropen weer op 9 April 2019 vir die tweede kwartaal. Op die foto verskyn Joggie van Vreden, Susan Smit en Caryl Loots.*

## terugblik



**HEILBRON HERALD - VRYDAG, 25 JULIE 2003 -** *Leeuwelpies op Heilbron gebore. RJ Muller hou trots vier leeuwelpies wat hierdie week aangekom het, vas. Dit is die eerste werpsel leeutjies wat in Heilbron gebore is.*


Groot besparings vir JOU!
SPAR Verlengde Raklewe Volroom of Lae Vet Vars Melk (Hoë Vet uitgesluit) 2 liter
21.99 elk
My SPAR
SOOS OP TV
Bokomo Weet-Bix 450 g
19.99
SOOS OP TV
SPAR Sonneblom Olie 750 ml
KOOP 2 VIR 28.00
Bakers Tennis Beskuitjies 200 g
11.99 elk
Spekko Voorafgekookte Rys 2 kg
Kry 'n ekstra R2 af x 20
WINKEL PRYS R21.99
Rewards lidmaat betaal: R19.99
SOOS OP TV
SOOS OP TV
SPAR Butcher's Best Hoender-, Hoender + kaas-, Gerook met kaas of Rissie- Worsies 500 g
25.99 per pak
Ariel Gewone of Touch of Downy Handwaspoeier 1,8 kg
36.99 elk
SPAR Mini Toiletrolle (Enkellaag) 18s
38.99 per pak
Kry ons op /myspar
Vir meer besonderhede: www.spar.co.za of in die winkel
Beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) tot en met 17 Maart 2019 terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. TV-produkte landwyd beskikbaar. Nie beskikbaar in die Upington of Keimoes area, KwaZulu-Natal, die Laeveld of die Wes- en Oos-Kaap nie. Pryse sluit BTW in.

# GENOEG



Eendag het 'n ryk sakeman sy twee seunskinders na 'n plakkerskamp toe geneem. Hulle het voor sonop daar aangekom en gebly tot sononder. Die pa en kinders het niks gedoen terwyl hulle daar was nie, hulle het net gesit en waargeneem.

**DIE PA HET SY KINDERS DADELIK BED TOE GESTUUR TOE HULLE BY DIE HUIS KOM.** Hulle was in elk geval uitgeput omdat hulle die hele dag in die son gesit het.

Vroeg die volgende oggend het die gesin aangesit vir ontbyt. Die kinders vra vir pa hoekom hulle na die plakkerskamp moes gaan. Pa sê sodat hulle kon sien hoe bevoorreg hulle is om in so 'n mooi huis groot te word, dat hulle mooi, *branded* klere het, elke dag genoeg sakgeld het en na goeie skole kan gaan.

Die kinders was stomgeslaan, want dit is nie hoe hulle dit ervaar het nie. Die pa wou weet hoekom.

"Want, Pa, daardie kinders lyk so gelukkig. Hulle kan in die strate stap sonder om bang te wees. Hulle het maatjies wat vir mekaar balgooi en een tannie het vir 'n hele klomp kinders op een slag broodjies en koeldrank gegee. Hulle het gelag en gesels terwyl hulle dit geëet en gedrink het. Hulle was gelukkig."

**SAKEMANPA WAS STOMGESLAAN. DIT WAS NIE DIE LES WAT HY HULLE WOU LEER NIE!**

Iemand vertel van hulle buurman wie nie baie geleerd was nie. Op 'n afdag het hy sy verflenterde opvoustoel naby die heiding gesit sodat hy op die straat kan uitkyk. Hy het sy wit *wêssie* aangehad, uitgetrapte vissieplakkies en 'n stukkende *PT*-broek. En sy *quart*-bier. Dit het hy elke Saterdag gedoen. En hy was die gelukkigste man ooit.

Ons predikant vertel die ander dag dat daar drie maniere is hoe mense reageer wanneer hulle gevra word hoe dit gaan. Hulle kan net botweg sê dat dit goed gaan, dankie. Of hulle kan op- en afpraat.

Wanneer hulle oppraat, sal hulle sê dat dit nie so goed met hulle gaan soos met hulle ryk buurman nie. Wanneer hulle afpraat, sal hulle sê dat dit nie so sleg met hulle gaan soos met hulle arm buurman nie.

**'N ONLANGSE NAVORSINGSTUDIE HET BEVIND DAT DIT NIE GOED IS WAT MENSE GELUKKIG MAAK NIE, MAAR ONDERVINDINGS**. Goed wat hulle kon doen, of saam met mense kon geniet. Om te koop en te koop en nog meer en meer en meer geld te spandeer kan dalk effense geluk bring. Maar as jy alles gekoop het waarsonder jy nie kan nie, dan koop jy alles wat jy nodig. Dit wat jy daarna aankoop is mos onnodig? Wat maak jy in elk geval daarmee?

Dit het my soos 'n voorhamerhou getref toe ek onlangs by myself dink dat ek regtig genoeg het. Ek het genoeg. Van alles. Dit gaan goed. Al vir 'n lang tyd.

Ek wil nie nog iets hê nie. My bederfdrome is steeds daar. Eendag wil ek graag 'n spierwit Mercedes Benz 180 C-klas hê. Ek wil graag eendag 'n huisie by die see hê. Ek wil graag eendag vir elkeen wie swaarkry 'n rol note in hulle hand kan stop.

Ek wil nie elke dag vaskyk in my mooi gelnaels nie (en as jy dit het, *well done*! Geniet elkeen van jou naels, dit is net my keuse). Ek wil nie slegs *branded* klere dra nie, ek is in elk geval nie meer 'n tiener nie. Ek wil nie die grootste plasmaskerm TV hê nie, want ek het nie so 'n groot plek om dit te sit nie. En as jy bederfgoed het, geniet elke oomblik daarvan, want ek dink jy verdien dit. Ek is *okay* vir nou daarsonder.

**MY SUSSIE HET ALTYD GESÊ DAT SY NIE NOG GOED HET OM VOOR VERANTWOORDELIK TE WEES NIE.**

En dit is nie dat ek miljoene het nie. Inteendeel.

Ek het genoeg.

Ek is tevrede.

Ek kan onthou dat ek as jong onderwyseres amper daarin geslaag het om moontlik 10c teen die einde van die maand in my bankrekening oor te kon hê. Dit was seker nie so erg nie, maar amper. Ek en Lelanie het so saam-saam *gesuffer*. Sy het so paar blokke van my af gewoon. Ook 'n onderwyseres, met dieselfde (amper geen) salaris.

Een aand bel ek haar: het jy kos, vra ek. Ja, sê sy. Sy het mieliemeel. Ons kan pap maak. Skitterend, sê ek. Ek het vis. Kom ons maak pap en vis. Eienaardige kombinasie. Maar ons was gelukkig, want ons het genoeg gehad. En ons het 'n ondervinding opgedoen waaroor ons nou nog kan lag.

**DAAR WAS BAIE DAE WAT EK GEWONDER HET HOE EK TOT AAN DIE EINDE VAN DIE MAAND SOU KON KOM.** Maar daar wat altyd iets om oor dankbaar te wees. Daar was altyd 'n ondervinding waardeur ek iewers kon gaan om mooi herinneringe te kon skep. Waaroor ek baie dankbaar is.

Ten spyte van min geld, was daar steeds iets om te geniet. Iemand om dit mee te geniet.

En so het ek gegroei. Ek het uitgehou, soos baie van julle wat hier lees. Ek het aangehou. En natuurlik bekgehou. Ek het die slegte dae lekker gehuil en ek het die lekker dae geniet. En die dae tussen-in saamgeleef.

Ek het deurgedruk.

Uiteindelik, na (wat voel na) duisende jare in die arbeidsmark kan ek sê dat ek genoeg het. Nee, ek gaan nie nou ophou werk nie.

Ek het genoeg. Ek is tevrede.

O ja. Ek wil wel 'n netjiese woonerf hê met minder goed om voor verantwoordelik te wees.

Dis al.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
Derde Lydensweek
**Sondag:** 09:30 Erediens (Moeder)
Sin Kol: Gemeetehulp
Gemeentetee Blok 2

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 7 & 1

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Derde Lydensweek**
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30. Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
**Woensdae:** 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald


# GEMEENSKAPSNUUS

## Heilbron Dienssentrum
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***

## Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz

***Program vir week***
**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**



## RIEMLAND MUSEUM TYE
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

## Biblioteek Tye
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE SONDAE & OPENBARE VAKANSIE DAE.

## DIE RUS INGEGAAN

*† Monica Bowman is oorlede in die ouderdom van 80. Haar diens vind plaas op Vrydag, 15 Maart te Vegkop om 10:00. Die diens sal volg vanuit die Gereformeerde Kerk in Heilbron om 11:00. Sy laat na haar familie en vriende.*

# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 16 Mrt. | 14 / 28 | Sonnig, warm |
| So 17 Mrt. | 14 / 31 | Warm |
| Ma 18 Mrt. | 14 / 32 | Sonnig, warm |
| Di 19 Mrt. | 14 / 30 | Warm |
| Wo 20 Mrt. | 15 / 28 | Warm |
| Do 21 Mrt. | 15 / 25 | 46% kans vir laatmiddag buie |
| Vr 22 Mrt. | 14 / 26 | 44% kans vir donderbuie |
| Sa 23 Mrt. | 14 / 25 | 55% kans vir donderbuie |
| So 24 Mrt. | 14 / 25 | 52% kans vir donderbuie |
| Ma 25 Mrt. | 14 / 25 | 50% kans vir oggendbuie |
| Di 26 Mrt. | 14 / 25 | 40% kans vir donderbuie |
| Wo 27 Mrt. | 14 / 25 | 42% kans vir donderbuie |

## KENNISGEWING

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **SAREL PETRUS DU PLESSIS,** Identiteitsnommer: 770818 5020 089, ongetroud en woonagtig gewees te plaas Driefontein, Heilbron (Vrystaat Provinsie) en wie oorlede is op 17 Januarie 2018.
**Boedelnommer: 001595/2018** (Meester Bloemfontein)
Hiermee word kennis gegee dat duplikate van die likwidasie en distribusie rekenings (derde en finale) in die boedel hierbo vermeld, in die kantore van die Meester Bloemfontein en Heilbron Landdros Hof vanaf 18 Februarie 2019 tot 10 Maart 2019, ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
Gedateer te Pretoria op hierdie 6de dag van April 2019.
**(GET) SA TINTINGER**
**242 LANGESTRAAT,**
**NIEUW MUCKLENEUK,**
**PRETORIA**

## IN MEMORIAM

### IN MEMORIAM


**Christo Geldenhuys**
*† 16 Maart 2018*



"Vandag .... reeds
1 jaar verby...
maar nog voel dit soos
gister ...
Die jaar het verby
gevlieg.
Steeds sal jy in ons HARTE
en GEDAGTES bly ...
en koester ons die mooi
HERINNERINGE, wat jy
nagelaat het! Net God maak die storm STIL!!!

***Ma, Thienus, Charne & familie***

### IN MEMORIAM



**Christo Geldenhuys** - *† 16-03-2018*
Ek kan nie glo dat vandag 'n jaar terug ek vir Pappa moes groet nie. Dit voel nog steeds nie werklik nie. Ek mis Pappa so baie, maar ek weet dat Pappa nou niks pyn het nie en dat Pappa in my hart is vir ALTYD. Ek is baie lief vir Pappa.
***Pappa se Kierietjies***

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei,
stoof en 2 oonde, gelisensieerde
kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of Magda Bierman 083 292 1503**

## DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### MADELIEF SKOONMAAK-DIENSTE

Professionele stoom-skoonmaak van u matte, meubels & motors (bekleedsels & matte) op Heilbron, asook omliggende dorpe en plase. Slegs kontant.
**Skakel: Madelief 082 373 2954 of 058 853 0261 Heilbron**
R

## TE KOOP




### TE KOOP

- 640 Fiat trekker, 1976 model, kilometer: 12623, Prys R60 000. Goeie toestand.
- 4 sitplek bootjie met kanoe + trailer, 5 perdekrag met Mariner engin. R15 000

**Skakel Gerhard 071 682 1390.**
DB

### TUPPERWARE TE KOOP

Vir bestellings kontak
**Jolandri 079 846 1075 Heilbron**

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033

## BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON

***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***




- 26 Maart 2019
- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019

(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).

- 26 November 2019

## BETREKKING

### BETREKKING VAKANT

**CORNELIUS & VENNOTE PROKUREURS**

Benodig die dienste van 'n

**ONTVANGSDAME**

Met rekenaarvaardigheid, tik, algemene ontvangs & sekretariële ondervinding vir diensaanvaarding so spoedig moontlik.

**Stuur volledige CV na Mev A Schutte**
**E-pos** amanda@corven.co.za
**Faks: 058 852 1838**

## EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
*Vir die beste transaksies en diens*
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**







## ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

Notice is hereby given in terms of Regulation 3 (6) of the National Environmental Management Act (Act No. 107 of 1998): Environmental Impact Assessment Regulations 2014 (as amended), together with Section 12 of the Mineral and Petroleum resources Development Act, 2008 (Act No. 49 of 2008) as amended.

**NAME OF APPLICANT: GOBONAMPHO PROJECTS (PTY) LTD.**

**NATURE OF ACTIVITY**

Application for Prospecting Rights and Environmental Authorisation in terms of the MPRDA and NEMA acts.

| FARM/S NAMES | DMR REF NO. | MINERAL/S APPLIED | LOCATION |
|---|---|---|---|
| AVONDALE 6<br>AVONDALE 12<br>BENSHOOP 22 AND<br>BENSHOOP 74 | FS 30/5/1/1/2 (10539 PR) | COAL | FREES STATE PROVINCE (KOPPIES DISTRICT) |

**REGISTRATION OF INTERESTED AND AFFECTED PARTIES**

In terms of regulations 42 & 43 of the EIA Regulation published in Government Notice No. 983 of 8 December 2014 the public is invited to register as interested and affected parties (I & Aps) express interest, comment and participate in the Public Participation process (PPP). Please submit your written concerns within 30 days of this notice. Draft BAR will be available for comment for 30 days.

Registration, queries and written comment should be submitted to:
**Postal address:** 202 Soetdoring, 40 Van Dalsen, Pretoria West, West Park, 0183
**E-Mail:** nditwanim@gmail.com / Khuliso@mielelani.co.za
**Tel / Cell:** 061 489 0616 / 076 784 7550 • **Fax:** 086 585 9388
**Contact person:** Khuliso Ramulondi

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

## *Ons hoor graag van jou*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite.
Ons plaas dit graag.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.

**heraldnuus@heilbron.co.za**

# Reitz atlete presteer



*Die volgende atlete van Hoërskool Reitz het baie goed presteer tydens die Hoërskole Vrystaat Atletiekkampioenskappe te Bloemfontein. Hulle is voor vl: Johanné Neethling (D0/14 - 300m Hekkies 6de en 90m Hekkies 7de), Tumelo Motsohi (S0/14 - Driesprong 4de), Simoné Jonker - Driesprong 3de), Aluschka Heymans (D0/16 - 5000m stap - 1ste en 3000m 6de), Carlize de Bruyn (D0/16 - 100m 8ste), Quiriané Charilaou (D0/14 - 100m 8ste) en Wiroeske de Wet (D0/15 - Hammergooi 4de). Agter vl: Bruwer Potgieter (S0/19 - 1000m Medley 3de), A.W. Meintjies (S0/19 - Medley 3de), Armant van Deventer (S0/19 - 1000m Medley 3de en 400m Hekkies 4de), Professor Motholo (S0/19 - 400m Hekkies 2de, 1000m Medley 3de en 400m 7de), Luke Ellis (S0/14 - 300m Hekkies 4de) en Luan Strauss (S0/15 - Spiesgooi 7de). Aluschka Heymans behaal ook 'n eerste plek tydens die Vrystaat ASA Kampioenskappe vir Youth Girls 5000m stap in 'n tyd van 32:34:38 en sy word ook opgeneem in die Vrystaat Hoërskool Atletiekspan na die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe te Port Elizabeth vanaf 20 tot 23 Maart.*




*Die o/13 netbaldogters van Hoërskool Heilbron het met groot opgewondenheid hierdie week 'n netbaltoer onderneem na Bloemfontein. Die toer het goed verloop en is baie geniet. Borg: Chrismari Greeff van Arum Lily Gastehuisgroep.*

*Foto erkenning: Marilize Loots Fotografie*



# Verteenwoordig Vrystaat

*Op die 2de Maart het Annabel Bester van Heilbron Martial Arts aan die Gauteng Regionals te Pretoria deelgeneem, waar sy die Vrystaat verteenwoordig het. Daar was ongeveer 200 deelnemers van die verskillende provinsies wat aan die dag se verrigtinge deelgeneem het. Annabel behaal 'n tweede plek (silver) in die Point Stop Sparring.*

# Verkies tot Fezile Dabi Tennisspan



*Kristen Müller is die afgelope naweek gekies vir die Fezile Dabi 0/15 tennisspan. Sy gaan die streek later vanjaar by interstreek toernooie in Welkom en Bethlehem verteenwoordig. Foto erkenning: Dawie Fourie Fotografie.*

**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 • E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

- SCREENING -

Riemland Pharmacy, Heilbron



27 March 2019 | 10:00-16:00

Services available:

- Pap Smear* - R330
- Clinical breast examination - R90
- Prostate Specific Antigen (PSA)** blood test - R150
- FotoFinder mole-analysis - R160
- ABCDE mole examination - R110

Venue:
Riemland Pharmacy
40 Pierce Street, Heilbron

BOOKING IS ESSENTIAL - contact:
CANSA Care Centre Bethlehem:
058 303 3522
Riemland Pharmacy: Betsie Walsh
083 792 7517

CANSA

Tolvry 0800 22 66 22
www.cansa.org.za

# Nuwe onderwysers by Hoërskool Reitz



*Hoërskool Reitz verwelkom drie nuwe personeellede in 2019. Hulle is vl: Me. Dricky Wessels, Mnr. Niël Neethling en Me. Amelia Zitzke.*

# Wilgies deur na SA's



*Twee Wilgies van Hoërskool Wilgerivier gaan vanaf 20 tot 23 Maart aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe deelneem te Port Elizabeth. Jonél van Rensburg en Wilhelm Burger is gekies om Hoërskool Wilgerivier op hierdie vlak te gaan verteenwoordig.*



# Reitz atlete presteer

*Twee leerlinge van Hoërskool Reitz het goed presteer tydens die Laerskole Vrystaat Atletiekkampioenskappe. Hulle is van links: Suné Hills (Dogters 0/11 Verspring - Eerste - 4,33m) en Adriaan Bonthuys (Seuns 0/12 150m Hekkies - sesde en Verspring agtste). Suné neem vir die Vrystaat Atletiekspan deel tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe te Germiston op 15 en 16 Maart.*

# Toebroodjieaand by AGS

Tydens die AGS kerk Jeug se toebroodjieaand Vrydag, 8 Maart 2019 is pastoor Leon Deysel ontvoer terwyl hy kitaar gespeel het met die sing van 'n paar liedjies. Die ontvoerders het net na aanvang van die diens toegang verkry deur die saal se deur wat "onverklaarbaar" oop was, tot by die middeldeur waar pastoor Leon staan en kitaar speel het. Twee gemaskerde mans het hom van agter aan die arm gegryp om hom uit te neem. Pastoor Leon het baie ergerlik probeer wegruk, maar hy was onsuksesvol. Willie Cronje en die res van die voorsangers het hul bes gedoen om die byeenkoms te laat voortgaan. Willie het die belangrikheid van die jeug beklemtoon, en aan almal teenwoordig dit duidelik gemaak dat die jeug dan ook die leiers van môre is. Tydens sy gesprek het Willie 'n oproep ontvang met die eis vir 'n losprys in ruil vir die vrylating van pastoor Leon. Pastoor Leon se vrou was baie ontsteld, want sy het net 'n R10 noot in haar sak gehad. Almal teenwoordig het dadelik hulle beursies wyd oopgemaak om ons geliefde pastoor Leon se losprys te betaal. Net voor die byeenkoms verdaag het, het pastoor Leon met dieselfde paadjie al strompelend teruggekeer, maar hy het nie dieselfde gelyk nie. Hy was "bebloed", maar nie sy klere nie. Die verbande waarmee hy verbind is was ook baie "bloederig". Sy oog was "potblou" en al goed toegeswel. Daar was nog ander kneusplekke ook. Die ontvoerders was vreeslik gaaf en het die losprys net so aan die jeug geskenk vir hulle fondse. Wie het gesê ons mag nie "fun" hê as ons kinders van Die Allerhoogste God is nie? Dit alles gesê baie dankie aan ieder en 'n elk wat bygedra het tot die sukses van die toebroodjieaand. Die ontvoerders was puik en die grimeerkunstenaars was van die bestes.

Almal is welkom om die jeugdiens elke Vrydagaand om 18:30 by die AGS Kerk Heilbron by te woon.





*Op die foto's bo pastoor Leon Deysel tydens die boodskap wat oorgedra is by hul toebroodjieaand.*

# Uitstekende produksieveiling

Op Vrydag 8 Maart het Heuningkrans Merino (Eddie en Eduard Prinsloo) hulle eerste produksieveiling gehou te Frankfort. Die dag het vlot verloop met 'n 100% verkope en 'n gemiddelde prys van R8 525. Die duurste ram is verkoop aan mnr Fred Bibbey van Frankfort vir R30 000.

BKB Louwid dank alle kopers vir 'n uitstekende ram veiling.



*Op die foto voor vl: Eduard Prinsloo (Heuningkrans) Danie de Wet (BKB Skaap en Wol) Eddie Prinsloo (Heuningkrans) Fred Bibbey (Koper) Oom Noekie de Jager, Mnr Jan Mostert (Afslaer). Voor: Jaco Zaaiman (Skaap en Wol CMW) Pampoe Mona (Heuningkrans).*

## SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |
| | | | | | 3 | | 8 | 5 |
| | | 1 | | 2 | | | | |
| | | | 5 | | 7 | | | |
| | | 4 | | | | 1 | | |
| | 9 | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | 7 | 3 |
| | | 2 | | 1 | | | | |
| | | | | 4 | | | | 9 |

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

# Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell gerig aan die redakteur.***

**Daar is 'n gedigge wat sê:**

As ek geweet het dis die laaste keer dat ek jou aan die slaap sou sien raak, sou ek meer moeite gedoen het om jou warm toe te maak.

As ek geweet het dis laaste keer wat ek jou by die deur sien uitloop, sou ek jou gedruk en gesoen het - en jou terug geroep het vir nog 'n drukkie.

As ek geweet het dis die laaste keer dat ek jou stem sou hoor, sou ek dit op band opgeneem het sodat ek dit weer kon speel.

Ons leef of daar nog baie tyd oor is om alles te doen wat ons graag wil.

"Maar sê nou Vandag was die laaste kans?"

**Die Bybel sê:**

Ons is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn

**Kom ons maak vandag tyd om te sê:**

"Ek is jammer, of dankie, of ek waardeer jou".

As môre dalk nie daar is nie, kom ons leef voluit!

Waardeer vandag die mense om jou.

Hou vandag jou dierbares styf vas en sê:

"Jy is spesiaal - Ek is lief vir jou"

Anoniem

*Ingestuur deur Heléne Howell*

**NS**

Iets om aan te dink. Voordat jy jou mond oopmaak oor ander, vra jouself eers af

- Is dit waar?
- Is dit nodig?
- Is dit vriendelik?
- Hoe sou Hy gemaak het?

Baie dankie aan die Hoogte Kommando wat verlede week vir ons middagete verskaf het, en nog ander eetgoed. Ons waardeer julle omgee. Julle vergeet ons nooit. Dankie

Tannie Heléne

Ons is trots op ons Voortrekkertjies. Ek sien in Heilbron Herald, julle is op en wakker.

Sterkte en hou só aan!

Tannie Heléne



Herald Sport

# Ligaspan weer op die wenpad

## Kopanang borgdag môre

Heilbron Gholfklub se ligaspan het Saterdag op Vrede gedoen waarvoor hulle gevrees word, en dit is om te wen. Hulle klop Bethlehem 3 met 11 punte teenoor sewe. Dit was veral in die vierspel wat Heilbron hulle neuse voorgekry het. Jackie Leonard en Abrie Watson het beide hulle wedstryde gewen.

Kopanang Algemene Handelaar en Drankwinkel borg Saterdag plaaslik die IPS kompetisie en heelwat inskrywings is ontvang, as jy nog nie jou naam opgegee het nie skakel gerus vir Selana of Ruben by 071 244 2685, hulle sal vir jou plek maak.

Die klubkampioenskappe vind op 23 Maart plaas en word oor 36 putjies beslis in drie afdelings. Die seniors en dames speel net 18 putjies. Uitstaande ledegelde moet ook betaal wees voor die dag.

Verlede Saterdag se opkoms was maar dun, nieteenstaande wen Willie Pretorius die dag met 35 punte. Die Money Draw staan op R1 000 en daar is ook kerrie-en-rys beskikbaar teen R25. Trekking word Vrydagaande om 19:00 gedoen.

# Heilbronners neem deel aan 41ste Argus

Die 41ste Cape Town Cycle Tour (Argus) het op 10 Maart 2019 plaasgevind. Die wind was weereens 'n groot faktor vir swakker tye. Abel Pretorius het op 17km geval en is per ambulans hospitaal toe gevat. Hy is gelukkig nie opgeneem nie en herstel nou tuis. Albert Els se fiets het op 40km gebreek en hy kon ongelukkig ook nie die wedren voltooi nie. Colett Els het op Smutswinkel (50km) geval, maar sy kon gelukkig die wedren voltooi. Daar was net een sterf geval tydens hierdie jaar se Argus.

'n Tweeling van Yzerfontein se Argusdroom het ook waar geword. Annika en Chené Venter, het die Argus met waentjies aangepak. Van die Heilbronners het saam gery om ondersteuning te bied en hulle te help stoot. Stephen Kriel en Wydeman van der Merwe was twee ysters wat die dogter die helepad getrek het. Hulle albei is baie lief vir fietsry, om in 'n rolstoel te wees het hulle nie gekeer om te kan deelneem nie.

**Heilbronners en vriende se tye:** Neels Claases 3:46, Nigel Evans 3:57, Arno Els 4:09, Ernst Zitzke 4:21, Christo Kroon 4:32, Melany Kroon 4:57, Magda Spies 4:59, Dr Lood Spies 4:59, Joanita Steenkamp 5:08, Nicolene Janse Van Vuuren 5:41, Cornelius Geel 5:55, Retha Venter 6:07, Hardus Kotzé 6:07, Rocco Steenenberg 6:07, Morné Victor 6:07, Colett Els 6:07, Jozann Germishuys 6:22, Abel Pretorius - nie klaar gemaak nie, Albert Els - nie klaar gemaak nie.



*Op die foto bo van die ondersteuningsgroep wat saam met die tweeling dogters gery het.*



*Joanita Steenkamp en Neels Claasen.*



*Annika, Retha en Chené Venter.*

JAARPROGRAM : 2019
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 16 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 13 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET | 09:00 |
| 25-28 APRIL | HUNTEX | |
| 25 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 1 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 27 JULIE | OVER UNDER SPANSKIET | 09:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 24 AUGUSTUS | BOSVELD OEFENING | 09:00 |
| 14 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 23 SEPTEMBER | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 5 OKTOBER | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 5 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 19 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 8 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 23 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2020 MOET NOU BETAAL WORD | |

BESIGHEIDSURE
MAANDAE TOT DONDERDAE
07:30 tot 17:00
VRYDAE - 07:30 tot 16:30
SATERDAE - 08:30 tot 13:00
Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.
Elsstraat 44 • Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033
Herald Office National

# Krieket Nuus

Heilbron teen Edenville, vriendskaplike wedstryd, waar Edenville die loot gewen het en besluit het om eerste te kolf. Hulle het 171 punte aangeteken in hul 20 boulbeurte. Heilbron kon net 147 aanteken in 20 boulbeurte waar Edenville die wedstryd wen met 24 lopies. Heilbron speel Saterdag Pro 20 semi-finaal.

09:30 - Heilbron vs Sharpville - Flavius Mareka College.

09:30 - Sasol vs Vanderbijlpark - DP de Villiers stadium.

14:00 - Derde en vierde plek - Flavius Mareka College.

14:00 - Finaal - DP de Villiers stadium.



BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 18 MAART 2019
BULTFONTEIN 2- Weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
DINSDAG - 19 MAART 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617
KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066
DONDERDAG - 21 MAART 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
VRYDAG - 22 MAART 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak MJ Lourens 072 515 3549
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID